

## Vloeke en Demone

### Inleiding

Alhoewel die Bybel ons waarsku dat ons stryd teen bese magte is, bevraagteken ek die manier waarop sommige Christene wat in die “Huis skoonmaak beweging” betrokke is, dit doen. In plaas daarvan dat daar klem gelê word op die belangrikheid van Jesus se volkome verlossingswerk aan die kruis, word die invloed van demone verkeerdlik beklemtoon.

Daar word geglo dat vloeke deur middel van voorwerpe in huise ingebring kan word. Sulke voorwerpe kan dan verantwoordelik wees dat allerhande onheile jy en jou familie tref. Om hierdie voorwerpe waaroor vloeke uitgespreek is, uit te ken, moet persone met “spesiale salwing” ingeroep word om hulle uit te wys. Om die huis “skoon” te maak en te bevry, moet die goed dan verbrand word.

Alhoewel dit waar is dat 'n Christen, terwille van sy getuigenis, nie voorwerpe wat met valse godsdienste en die okkult verband hou, moet aanhou nie, lees ek nie in die Skrif dat dooie voorwerpe enige krag het nie. Ek lees wel dat Jesus demone uit mense uitgedryf het, maar ek weet nie van een geval waar Hy demone uit 'n voorwerp uitgedryf het nie. In die Skrif sien ons dat demone verskillende eienskappe openbaar. So word daar onder andere gepraat van 'n waarsêende gees, 'n leuen gees, onreine geeste en geeste wat stomheid, blindheid en verwarring van sinne kan veroorsaak (**Matt. 9:32-33, Luk. 4:35, Mark. 5:1-18**). Hierdie was almal geeste wat uit mense uitgedryf is, nie uit voorwerpe nie. 'n Lewelose voorwerp het byvoorbeeld nie 'n tong wat 'n leuengees kan gebruik om mee te lieg nie en nog minder het dit oë wat verblind kan word. Hierdie dinge het betrekking op mense.

### Wat sê die Ou Testament oor afgodsbeelde?

Oor afgode sê die Here:

*“Moenie die praktyke van die nasies navolg nie...Hulle gebruike is tevergeefs en dwaas. Hulle kap 'n boom af en 'n ambagsman maak daarvan 'n beeld...Hulle afgode is hulpeloos...Hulle kan nie praat of loop nie...Hulle kan niemand kwaad aandoen nie...” (Jer. 10:1-5, NLV).*

Oor demone sê Paulus die volgende:

*“Wat sê ek dan? Dat 'n afgod iets is, of dat 'n slagoffer iets is? Nee, maar dat die heidene wat dit offer, **aan duiwels offer** en nie aan God nie. En ek wil nie hê dat julle met die duiwels gemeenskap moet hou nie.” (1 Kor. 10:19-33, My beklemtoning).*

In hierdie skrifgedeelte word dit duidelik dat iemand **wat aan 'n afgod iets offer, demone aanbid**. Dit is **die aanbidding** van 'n afgod of 'n beeld wat verkeerd is. Die voorwerp op sigself, het geen krag nie. Dit is jou gesindheid teenoor 'n voorwerp wat sy geestelike betekenis bepaal. Daarom is 'n beeldjie slegs 'n ornament as dit nie as 'n voorwerp van aanbidding gebruik word nie. **Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat beelde of voorwerpe in jou besit wat met die okkult of valse godsdienste geassosieer kan word, al**

**aanbid jy hulle nie, jou getuienis as Christen skade kan aandoen en ander mense kan mislei.**

Mense se gesindheid ten opsigte van geld, sport of besittings, kan daarvan ook afgode maak! Dit is die verkeerde gesindheid ten opsigte van dié goed wat boos is, so by voorbeeld kry jy nie oneerlike geld nie; jy kry net oneerlike mense wat met geld werk.

**Verwys Exodus 20:4 na vloeke en demone?**

*“Jy mag vir jou geen gesnede of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. **Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie...**” (My beklemtoning).*

**Exodus 20:4** kan nie gebruik word om te verduidelik dat bloedlyn vloeke verbreek moet word nie aangesien in hierdie gedeelte daar geen melding van vloeke of demone gemaak word nie. Volgens die manier wat sommige die klem op die maak van beelde plaas, sou alle kunswerke boos wees. Volgens hulle sou dit byvoorbeeld verkeerd wees om ’n os van klei te maak om as ’n deurstop te gebruik. Volgens die beginsel in **Ex. 20:4-5** sou dit wel verkeerd wees as die os gemaak word met die doel om die bulgod Apis van Egipte te aanbid. Die probleem lê nie in die máák daarvan nie, dit lê in die **aanbidding daarvan**. Daar is byvoorbeeld niks mee verkeerd om ’n prent van jou vrou of dogter teen die muur op te hang nie, maar die Katoliek wat elke keer ’n kniebuiging maak as hy die prent van Moeder Maria, of ’n beeld van een hulle “saints” verbygaan, is besig met afgodery.

**Bose magte in die lugruim (Ef. 3:10, Ef. 6:12)**

Om jou huis skoon te maak van alles wat met afgode geassosieer word, sal jy met die almanak teen jou muur moet begin, want elke dag van die week is vernoem na een of ander afgod. Die etikette op jou kos dra die halaal teken, tot die naam op jou motor klink suspisiesus. As jy van al die goed wil ontslae raak wat met demone en afgode geassosieer word, sal jy moet ophou asem haal, want die Woord verklaar dat die lug en atmosfeer om ons, vol bose geeste is (**Ef. 6:12**).

Die duiwel en demone, soos ons in Job se geval kan sien, het nie die vryheid om te doen wat hulle wil nie en kan net doen wat God hulle toelaat om te doen..

**Wat het die Nuwe Testament te sê oor vloeke?**

In die leringe van die apostels in die Nuwe Testament word daar nie ’n woord gesê van vloeke wat in die lewens van wedergebore kinders van die Here gebreek moet word nie. Daar word ook niks gesê van vloeke wat gelowiges deur voorwerpe kan beïnvloed nie. Paulus stel gelowiges wat in Christus is, gerus deur te sê:

*“Ek is versekerd dat **geen...engele of owerhede of magte...ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie** (**Rom. 8:38-39**, My beklemtoning).*

Behalwe as iemand deur blatante sonde of okkultiese bedrywighede vir die demone om ons ’n deur oopmaak, kan hulle geen invloed op ’n gelowige uitoefen wat deur die bloed van Jesus skoon gewas en beskerm word nie.

## Die krag van Christus Jesus se soenverdienste aan die kruis

Deur my geloof in Christus se oorwinning oor bose magte op die kruis, geniet ek bevryding en beskerming teen demoniese magte. Sien **Kolossense 2:13-15**:

*“En julle...het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het, en die skuldbrief teen ons...uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael, nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar ten toon gestel en daardeur oor hulle getriomfeer het”*

(My beklemtoning).

## Die belangrikheid van wedergeboorte en die belydenis van sonde.

*“En baie van die wat gelowig geword het, het belydenis kom doen en hulle dade bekend gemaak; en verskeie van die wat met towery omgegaan het, het die boeke bymekaargebring en voor almal verbrand...” (Hand. 19:18-19, My beklemtoning).*

Dit is interessant om daarop te let dat, alhoewel hierdie mense betrokke was in die okkult, niks gesê word van bindinge of vloeke wat gebreek moes word nie. Hulle moes net belydenis van hulle sonde doen en dit aflê. Ook Paulus wat skuldig was aan die moor en vervolging van Christene, maak nêrens in sy geskifte melding van vloeke en bindinge wat in sy lewe verbreek moes word nie. Die krag van Jesus se soenverdienste aan die kruis was genoeg om vir hom verlossing en vergifnis te bewerk en van hom 'n nuwe mens te maak. Sien **2 Korinthiërs 5:17**:

*“Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.”*

## Sataniese verdraaiing van wat God as goed geskape het

Sommige mense koppel boosheid aan sekere voëls en diere soos uile, kraaie, paddas en bokke. Hoe kan diere wat God “goed” geskape het, nou boos wees? (**Gen. 1:25**). Die boosheid lê nie in die diere nie, maar in die koppe en harte van die mense wat onskuldige diere misbruik deur sataniese simboliek aan hulle te koppel!

## Slotsom

Mense wat deur sonde of okkultiese bedrywighede onder demoniese invloed gekom het, moet soos die Efesiërs in **Handelinge 19**, onder oortuiging, belydenis van hulle sondes doen, dit aflê en hulle vertrouwe plaas in die verlossingswerk van Jesus Christus aan die kruis.

**Nick Maartens**

**Jeffreysbaai**

**0827826074**

**E-pos: [nickmaartens@hotmail.com](mailto:nickmaartens@hotmail.com)**

**Webtuiste: [www.nickmaartens.co.za](http://www.nickmaartens.co.za)**